e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

21 Julie 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 23

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Waarheid in die koninkryk van God

Soos die Buitengewone Algemene Kerkvergadering (AKV) naderkom, word die vraag na waarheid meer relevant. Nie *waarheid* in 'n filosofiese sin nie, maar waarheid soos ons dit in ons daaglikse lewens verstaan en gebruik. As ons van waarheid op dié manier praat, kan dit vergelyk word met die Grieke se verstaan daarvan. In die antieke Griekse wêreld is waarheid beskou as die vermoë om feite korrek weer te gee. Anders gestel, was dit om niks van die feite te verdoesel nie.

Dit herinner ons baie aan Eksodus 20: 16: *Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.* Asook Levitikus 19: 12: *Julle mag nie 'n vals eed aflê in my Naam en so die Naam van julle God ontheilig nie.*

Tog lees ons dat Jesus waarheid anders verstaan het. In Matteus 5: 33-37 lees ons dat Jesus sy volgelinge juis die teenoorgestelde leer. Jesus stel dat hulle glad nie 'n eed mag aflê nie. Hul *ja* moet eenvoudig *ja* wees en hul *nee* moet eenvoudig *nee* wees. Daarby voeg Hy dan by: *Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose* (Matt 5: 37).

Wat bedoel Hy daarmee? Het Jesus iets teen die aflê van 'n eed? Om sy uitspraak te verstaan, moet ons dit deur 'n spesifieke bril lees. Een van Jesus se hoofleerstellings was dat die eskatologiese heerskappy van God in Hom tot by die mens gekom het. Met Christus se koms het die koninkryk hier op aarde reeds begin aanbreek. Sodra Jesus etiese uitsprake maak, moet dit dus binne die konteks van God se koninkryk verstaan word. Elkeen van Jesus se leringe handel oor die wyse hoe 'n persoon lewe in die sfeer van dié koninkryk en hoe dit verskil van die manier van lewe binne die koninkryk van mense.

In die koninkryk van mense kan die wet van Moses nagekom word sonder om te glo. In dié wêreld kan wetgeleerdes en Fariseërs fyn onderskei tussen bindende en minder bindende ede. In teenstelling, as jy werklik glo dat jy in God se koninkryk leef, is elke woord wat uit jou mond kom soos 'n eed. As enigiets meer as dít gesê word, dui dit op 'n houding wat kenmerkend is van 'n wêreld waar mense nie meer verwag om die waarheid te hoor nie.

So verstaan, het Jesus waarheid en die weergee van inligting radikaal anders geïnterpreteer. Waarheid en hoe mense daarmee omgaan, moet volgens dié verstaan in die eerste plek voldoen aan die beginsels van die koninkryk van die hemele wat hier op aarde gevestig is.

Wat is dié beginsels? Die hoofriglyne waarvolgens God se koninkryk funksioneer, is die totale oorgawe aan God en radikale liefde vir jou naaste. Volgens dié riglyne moet ons ons omgang met die waarheid beoordeel. Wanneer God van ons vra om in die waarheid te wandel, gaan dit nie oor die weergee van inligting soos die Grieke dit verstaan het nie. In God se koninkryk staan gemeenskap met God en jou naaste op die voorgrond.

Dalk is Karl Barth in dié sin korrek as hy stel dat blote korrektheid nie waarheid kan wees nie. Slegs wanneer die korrekte goedhartig gesê word, kan ons dit as waarheid beskou.

Mag ons dit in gedagte hou wanneer ons in die komende spesiale AKV die *waarheid* soek en dit met mekaar deel.

Ds Petrus Dreyer, Barberton

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Dr Robert Jones** van Kriel na Standerton
- **Ds Frans Ras** van Pietermaritzburg na Windhoek

Dr Robert Jones

Ds Frans Ras

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Sarel le Roux** van Gemeente Vanderbijlpark-Oos is skielik op 9 Julie oorlede nadat hy griepsimptome getoon het. Die kombinasie van 'n swak hart, diabetes en griep het tot hartversaking gelei. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, ds Manda le Roux van Gemeente Rietspruit, en hul seun, Drian. Ds Manda se tweelingsuster, Tertia Barkhuizen (vrou van ds Jan-Harm), staan die gesin tans by.

Ds Sarel le Roux

- Ds Kotie Mc Donald se moeder, **mev Santa van der Westhuizen**, is op 12 Julie oorlede. Sy was 80 jaar oud. Meelewing word met ds Mc Donald en haar familie betuig.

- **Ds Danie Struwig** van Gemeente Delmas het 'n suksesvolle operasie ondergaan. Ons wens hom volkome herstel toe.

- **Ds Lewis Strauss** van Gemeente Bloemfontein-Wes het 'n suksesvolle nekoperasie ondergaan. Ons vertrou dat hy ten volle sal herstel.

- **Mev Beatrix Kruger**, vrou van emerituspredikant ds Peet Kruger, het 'n heupvervangingsoperasie ondergaan nadat sy geval en 'n heupfraktuur opgedoen het. Sy word 'n spoedige herstel toegebid.

- **Mev Lucia van den Berg**, weduwee van ds Mossie van den Berg, het ook 'n geslaagde heupvervangingsoperasie ondergaan. Sy sterk aan by haar huis op Kleinfontein, en ons bid haar volkome herstel toe.

- **Diak Christa Clifton**, viseskriba van die Algemene Diakensvergadering, was onlangs in 'n motorongeluk betrokke nadat 'n taxi voor haar ingeswaai het. Ons is dankbaar dat sy nie beseer is nie.

- Die 50-jaar-ampsjubileum van **prof Schalk Botha** vind op Sondag 31 Julie om 09:00 in die kerkgebou van **Gemeente Grootvlei** plaas, te Hoewe 242, Waterval. Na afloop van die verrigtinge sal 'n middagete bedien word. Laat weet die organiseerders asseblief **nie later nie as 25 Julie** wie teenwoordig sal wees. Kontak die gemeentelike kerkkantoor by **elizenhk@absamail.co.za** of 082 838 6303.

Prof Schalk Botha

Ds Jan van Immerzeel

- **Ds Jan van Immerzeel** emeriteer aan die einde van Augustus. Hy en sy vrou, Rika, neem op Sondag 24 Julie van **Gemeente Silverton** afskeid. Dr Malan Storm, skriba van die Kommissie van die AKV, sal die dank van die Kommissie van die AKV en die Kerk aan die egpaar oordra vir hul werk in die Kerk.

Ds Jasper van der Westhuizen

Ds Frikkie van Wyk

- **Ds Jasper en mev Cia van der Westhuizen** het op 26 Junie afskeid geneem van die gemeentes Hendrina/Breyten waar hulle die afgelope paar jaar gewerk het. Ds Van der Westhuizen het ook vir ’n lang tyd die bediening van Gemeente Carolina behartig en elke Sondag ’n paar keer gepreek. Sy vertrek laat ’n groot leemte. Die gesin word op Sondag 24 Julie deur Gemeente Vryburg ontvang wanneer ds Van der Westhuizen in sy standplaas bevestig word.

- **Ds Frikkie en mev Sanet van Wyk** word op Sondag 24 Julie deur **Gemeente Montana-Oos** ontvang. Ds Van Wyk word in sy standplaas bevestig deur ds Danie van der Watt, predikant van Montana. Namens die Kommissie van die AKV sal dr Wim Dreyer, viseskriba, die gesin verwelkom.

- **Die volgende predikante verjaar tot 29 Julie**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 21 Julie: Di Hannes Jansen van Rensburg (Brakpan-Harmonie), Coetzee Ras (Edenvale) en Adam Zwarts (emeritus)
  - Vrydag 22 Julie: Ds Kalfie Loots (emeritus)
  - Saterdag 23 Julie: Prop Juanita du Preez (beroepafwagtend)
  - Sondag 24 Julie: Ds Henk Pienaar (Bosmansrust)
  - Dinsdag 26 Julie: Di André Oberholzer (beroepafwagtend) en Louis Steyn (emeritus)
  - Donderdag 28 Julie: Prof Gert Pelser (emeritus)
  - Vrydag 29 Julie: Ds André Thomas (Oos-Moot)

- **Gemeente Losberg** in Fochville se bykomende faksnommer is 086 299 3057. Indien 018 771 2617 nie werk nie, kan die 086-nommer gebruik word.

- Die deurkollektes van 31 Julie en 7 Augustus word vir die **Teologiese Opleidingsfonds** afgestaan. Omsendskrywes daaroor is reeds aan gemeentes gestuur.

- Dr Fanie Pretorius vra dat gemeentes wat **eredienste op CD** opneem, asseblief gratis afskrifte aan hom sal besorg vir verspreiding aan lidmate in die buiteland en in die gemeentes in Afrika. Daar is ’n groot behoefte aan dié materiaal, en dit is ’n effektiewe wyse om die evangelie te versprei. Dankie aan die gemeentes wat die CD’s getrou skenk.

- Die Kommissie van die AKV het op Vrydag 15 Julie memoranda wat tydens die buitengewone sitting van die AKV op die tafel sal kom, aan predikante en ouderlingevergaderings gestuur vir bestudering en kommentaar. Die versoek is dat buitengewone ouderlingevergaderings gereël en aandag aan die dokumente gegee sal word. Die finale agenda van die vergadering word aan die begin van September aan predikante en afgevaardigdes gepos. Die verskillende memoranda is ook op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** geplaas. Gaan na **Nuus en gebeure → Kortnuus → Buitengewone Algemene Kerkvergadering.**

- Aansoeke word ingewag vir die pos van **Organiserende Sekretaris** by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Die Bybelgenootskap wil graag in oorleg met die Kommissie van die AKV ’n opvolger vir ds Jan de Wet aanwys, wat op **1 Desember 2011** of so gou moontlik daarna moet diens aanvaar. Die suksesvolle kandidaat sal by Bybelhuis in Kempton Park werksaam wees. **Sluitingsdatum vir aansoeke:** 22 Julie 2011. Kontak die Administrateur, mnr Kobus Viljoen, by 012 322 8885. Meer inligting oor die profiel kan ook van die Administrateur aangevra word. Stuur aansoeke met CV aan die Mannekragbestuurder (mnr Piet Beukes), Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **piet@nhk.co.za**; faks 086 630 5150. (Vind die volledige advertensie in die *e-Hervormer* van 23 Junie 2011, by **www.hervormer.co.za** → e-Hervormer → argief.)

- Dankie aan die gemeentes wat hul **inligting vir die *Almanak* van 2012** gestuur het. **Die inligting van 46 gemeentes en 16 ringe is egter steeds uitstaande.** Waar opgedateerde inligting nie ontvang word nie, sal met die ou inligting volstaan moet word. Stuur die besonderhede asseblief onverwyld aan mev Karen Breedt by faksnommer 012 320 3279 of **karen@nhk.co.za**.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- ’n Ruim **enkelwoonstel** is onmiddellik beskikbaar binne stapafstand van die Universiteit van Pretoria. Die woonstel is geleë op die kerkterrein van **Gemeente Philadelphia** en word verhuur teen R3 500 per maand (water en ligte ingesluit). Daar is veilige parkering vir ’n motor. Skakel Esmé Bolton by die gemeentelike kerkkantoor (012 362 7237) of dr Sanrie de Beer (083 226 1866) vir meer inligting.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **blyplek in Eloffsdal**, Pretoria: Huis Eloff (alle ouderdomme). Ruim nuut uitgeverfde kamers met gesamentlike badkamer in gang teen R1 500 per maand vir enkeling. Ingesluit: water en ligte, parkering, gesamentlike kombuis. Naby Mayville Mall en Eugene Marais-hospitaal. Kontak Johan Erickson (jr) by 082 212 2137.

Toere

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konserte tot einde Augustus 2011

- **Dinsdag 9 Augustus: NHSV Hartbeesfontein: Vrouedag**
  11:00 vir 11:30
  NG Kerk se gemeenskapsaal
  R50 per persoon
  Geskenkpakkie, heerlike musiek, modeparade, eetgoed
  Tong in die kies, praatjie van vrou tot vrou deur Freda de Klerk
  Sit jou hoed op (as jy wil) en kom geniet dit!
  Kontak Dorette Harmzen by 084 506 0511
  Kaartjies beskikbaar by Carina Fourie 082 564 1424

- **Saterdag 20 Augustus: NHSV Leeudoringstad: Oggendtee**
  09:00
  Kerksaal
  R150 per persoon
  Kom verdwaal in Hansie en Grietjie se bos en luister na Mathys Roets
  Kontak Elsa by 082 971 4092 of **elsajvr@suidwes.co.za**

Sportbyeenkomste tot einde Augustus 2011

- **Saterdag 13 Augustus: Gemeente Sionspoort: Randfontein EPR Fietswedren**
  120 of 58 km (pad) en 60 of 30 km (bergfiets)
  Wegspring by Tarlton Renbaan
  Besoek **www.sionspoort.org** of **www.cyclelab.com** om in te skryf
  Skakel Johan van Staden by 082 464 1547

Ander kompetisies en fondsinsamelings tot einde Augustus 2011

- **Gemeente Roedtan: Roedtan Buffeljagkompetisie**
  1ste prys: 4 dae jag op luukse jagplaas vir 10 persone
  1 buffelkoei, 1 blouwildebees, 1 koedoe, 1 blesbok, 2 rooibokramme,
  1 rooibokooi (boogjagters welkom)
  2de prys: Voëljag met akkommodasie vir 10 persone op luukse jagplaas vir ’n naweek
  Kaartjie R60, **trekking 31 Julie**
  Kontak ds Thys Redlinghuys, 082 416 7724, faks 086 518 9110,
  of **jagkompetisie@gmail.com**
  Bankbesonderhede: Absa Spaar Takkode 632005,
  rekening nommer 924 227 4630

- **Gemeente Erasmia: Pretloop vir Bybels: Saterdag 13 Augustus**
  Ten bate van die Bybelgenootskap
  By die Voortrekkermonument in Pretoria
  Registrasie 07:00 tot 08:00
  Afstande 3 km, 5 km en 10 km
  Medaljes vir almal
  Koste R35
  Kontak Isme by 082 692 2870 of 012 370 3513

- **Gemeente Koster: Mosambiekse Vakansiekompetisie**
  1ste prys: ’n Vakansie van 1 week by Tofo in Mosambiek – vervoer, alle etes en diepseehengel vir 4 persone ingesluit
  2de prys: 1 week selfreis en selfsorg by Witsand in die Kaap
  Kaartjie R50 (koop 10 en kry 1 gratis)
  Sluitingsdatum 31 Augustus
  Kontak Koos Vorster by 082 403 2518

Basaars en markte tot September 2011

- **Vrydag 29 en Saterdag 30 Julie: Gemeente Coligny: Wielefees**
  Hoërskool Coligny se sportgronde met uitstallings en baie eetgoed
  Vrydagaand dans in die skoolsaal – R50 per persoon, **braaivleisete ingesluit**
  Saterdag stalletjies, skyfskiet, minikrieket, ens
  Wiele – uitstalling van veteraanmotors, 4x4-baan, vierwielmotorfietsbaan
  Wen geslypte diamant of troospryse van kontant teen R40 per kaartjie
  Skakel Kobie by 083 651 2014 of Oelof by 084 206 9523

- **Saterdag 30 Julie: Ring van Middelburg**
  Groot 5-basaar van Klein 5-gemeentes in ring
  Vanaf 09:00
  By Gemeente Middelburg
  Vleis en wildsvleis, alles wat lekker is by ’n basaar
  Vermaak vir almal
  Kontak Elsa van Dyk by 013 243 3949 of **nhkmid@gmail.com**

- **Saterdag 6 Augustus: Gemeente Vliegepoort**
  Thabazimbi Apiesdoring Karnaval
  08:00 tot 16:00
  Maak ’n jakkals se roep na en wen R10 000 kontant
  Raai ’n elandkarkas se gewig en wen hom
  Besoek **www.apiesdoring.org**
  of kontak Hennie vd Linde by 083 507 0335 of Izak Joubert by 083 488 6357
  (Sien ook betaalde advertensie elders in nuusbrief)

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit: Geskenkemark**
  Bespreek **nou reeds** stalletjie vir die dag
  Koste per stalletjie R150 (R180 indien ’n kragpunt benodig word)
  Kontak Alta Bester by 082 936 5289

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Mafeking: Basaar**
  Tema *Kamma-kamma-fees*
  Kerkterrein in Nelson Mandelaweg
  Lichvaal Stereo se buiteuitsendingeenheid saai uit vanaf basaar en sorg vir musiek en vermaak
  R50 per inskrywing vir groot pryse soos R10 000 kontant
  Navrae aan Adriaan Redelinghuys by **adriaanred@yahoo.com** of 082 789 1523

- **Saterdag 3 September: Gemeente Koster: Koster-karnaval**
  Skool se sportgronde
  Uitstallings, baie eetgoed, verskeie sportsoorte
  Bespreek **nou reeds** stalletjie vir die dag
  Koste per stalletjie R300
  Wiele – uitstalling van GWM
  Veiling van Persiese Matte en Boplaas-wyne
  Skakel Harry Smit by 082 807 9208

ANDER NUUS

- **Behuising vir bejaardes:** Daar is ’n eenslaapkamerwoonstel beskikbaar te **Annie Schilz, Parkerstraat, Riviera,** teen R180 500. Die woonstelle is naby ’n winkelsentrum, veilige parkering en busroetes. Etes word nie ingesluit nie, maar kan voorsien word teen ’n minimale fooi. Die Seniorstuis Dienssentrum is op die perseel en lewer weekliks sosiale programme asook kliniekdienste, vervoer, ensovoorts. Hierdie woonstel is vir ’n selfversorgende bejaarde wat nog baie energie het om betrokke te raak by al die aktiwiteite. 24-uur-versorgingsdienste word deur Ons Tuis verskaf op dieselfde perseel. Vir meer inligting, kontak mev Dalene Hornsveld by 012 329 3707.

- **Die Ondersteuningsraad** bied vanjaar weer vir ’n week tydens die September-skoolvakansie hul **kamp vir ongeveer 80 hulpbehoewende kinders** aan. Maatskaplike werkers van die Raad behartig terapeutiese groepsessies, en studente van Gemeente Philadelphia help met rekreasie en sportaktiwiteite. Hulle is ook die liefdevolle hande wat die trane afdroog en help om die *monsters* te verdryf. Fondse word benodig vir die kampterrein, vervoer, drie etes per dag, materiaal vir die rekreasie en sportaktiwiteite, ensovoorts. Die **berekende koste beloop R800 per kind** vir die hele week. **Persone wat graag ’n kind of twee wil borg,** kan met Suzanne van Deventer van die Ondersteuningsraad se Pretoria-kantoor by 012 325 2320 in verbinding tree.

- **Die Ondersteuningsraad** het die afgelope jaar vier motors weens diefstal verloor. Daar word tans dringend gesoek na **goedversorgde tweedehandse voertuie** in die prysklas van ongeveer R50 000. Die kilometerlesing moet verkieslik nie 100 000 oorskry nie. Lidmate wat bewus is van beskikbare voertuie kan Mariaan Steenkamp skakel by 012 322 8885. Weens logistieke redes sal slegs voertuie in die omgewing van Pretoria oorweeg kan word.

- **Die Ondersteuningsraad** beskik oor die volgende **vakatures**:

  - Programbestuurder (x2); mimimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal ’n aanwins wees; **areas** Vanderbijlpark/Heidelberg/Krugersdorp **en** Rustenburg/Potchefstroom/Klerksdorp

- Maatskaplike Werker; area Tarlton/Krugersdorp
- Maatskaplike Hulpwerker; area Krugersdorp (onmiddellik beskikbaar)

Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- Op **Vrydag 19 Augustus** bereik vanjaar se viering van die **400ste bestaansjaar van die King James Bybel** 'n hoogtepunt met 'n ***Songs of Praise***-geleentheid in die Jesus Dome in Durban. 'n Massakoor onder leiding van Richard Cock tree op en Christoper Cockburn skuif voor die orrel in. Almal is welkom! Toegang is gratis, maar jy benodig 'n kaartjie. Kontak Letitia Timms van die Bybelhuis in Durban by 031 207 4933 of **timms@biblesociety.co.za**.

- Kom stap op **Saterdag 20 Augustus** op die Durbanse strandfront saam met honderde ander dankbare Christene ter viering van die 400ste bestaansjaar van die King James Bybel. Vir meer inligting, kontak Letitia Timms by 031 207 4933 of **timms@biblesociety.co.za**.

- **Vrydag 2 September** is **Loslitdag**. Maak 'n **R10-donasie** deur 'n **plakker te koop** en op dié dag te dra, en wys jou ondersteuning vir persone met gestremdhede. Vir meer inligting, besoek **www.loslitdag.co.za**, of kontak Arina Jooste van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) by 012 320 7644.

- Die **volgende vergaderings** vind tot 29 Julie plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

Vrydag 22 Julie:	Finkom van die Ondersteuningsraad
Saterdag 23 Julie:	Komitee vir Ouderlinge; NHSV Dagbestuur
Dinsdag 26 Julie:	Beurskomitee van die Kuratorium
Woensdag 27 Julie:	Dagbestuur van die Kinderhuise
Donderdag 28 Julie:	Bestuur van die Ondersteuningsraad

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. **GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

THABAZIMBI APIESDORING KARNAVAL
Saterdag 6 Augustus 8 vm – 4 nm Gemeente Vliegepoort
Maak 'n jakkals se roep na – R10 000 kontant vir wenners!
Raai 'n elandkarkas se gewig en wen hom opgesny, gebiltong en verpak
Boomklimkompetisie
Visvang-om-die-sementdam-kompetisie
Rooibokbiltong R75 per kg, honderde kilogramme beesbiltong
Pap-en-kaiings
DJ Ossewa en Basjan die Weskusklong
Veiling waar kinders 2 tot 17 alleen mag bie
Nat beskuit, roosterkoeke, potbrood, afval en stampmielies
Kom ervaar Thaba-bosveld se gasvryheid…
www.apiesdoring.org
Navrae Hennie van der Linde (083 507 0335) of Izak Joubert (083 488 6357)

AGTERBLAD

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx